

Mikro Graad R : Tuisonderrig Kwartaal I: 29 Mrt- 9 Apr.

Liewe Mamma en Pappa

Op die dae wat ek by die huis bly, moet ek hersiening doen en kan Mamma of Pappa hierdie kontrolelys gebruik om seker te maak ek bly op datum. In Graad R leer ons deur te speel en bevat hierdie lys dus net die kern van wat ons in die klas vir Week 5 en 6 onder die knie moet hê. Moet asb. nie alles met my op die eerste dag by die huis voltooi nie. Hierdie werk strek oor die 5 dae wat ek tuis gaan bly vir Week 7 en 8.

Dag 1: Huistaal Algemeen	
Opdrag	Benodighede
<p><u>Ouditiewe beginklanke identifiseer</u></p> <p>Die leerder hoef nog nie al die klanke te ken om woorde se beginklank ouditief te identifiseer nie. Watter klankie hoor jy eerste as Mamma/ Pappa die volgende woorde sê:</p> <ul style="list-style-type: none">- Rooi, blou, groen, kat, hond, perd, skilpad.- Watter klank hoor jy eerste as ek (leerder se naam) sê	
<p><u>Ouditiewe diskriminasie</u></p> <p>Die leerder moet in staat wees om na 'n reeks klanke te luister en te sê watter klankie pas nie.</p> <ul style="list-style-type: none">- w w w w v w- s g s s s s s- n m m m m m	

Doen hersiening van die liggaamsdele wat op bl. 2 in die Luister en Leer tuisprogram is.	Luister en Leer boek bl. 2
Kan die leerder al sy eie naam skryf sonder om dit af te skryf? Laat die leerder sy naam in die sand, meel, rys of selfs met vingerverf skryf.	
Dag 2: Wiskunde Algemeen	
Opdrag	Benodighede
<p>Begrip vir die dae van die week.</p> <p><u>Vraagstelling:</u> Gebruik nou rangorde om die dae van die week te toets.</p> <ul style="list-style-type: none"> - Wat is die eerste daggie van die week? - Wat is die derde daggie van die week? <p>Wat is die vyfde daggie van die week? (skommel dit sodat die leerder nie die volgorde soos 'n rympie opsê nie)</p>	
<p><u>Een-tot-een-afparing en Rangorde</u></p> <p>Laat die leerder 10 items in of rondom die huis gaan haal en pak dit dan in 'n ry. Vra die leerder om te wys watter item is eerste in die ry, derde in die ry, vyfde in die ry, sewende in die ry ens.</p> <p>Ruil nou die vrae om en vra die leerder in die hoeveelste posisie 'n spesifieke item in die ry is en die leerder moet dan kan sê eerste – vyfde (1ste tot 5de)</p>	Enige items in of rondom die huis kan gebruik word:
<p><u>Rangskik groottes</u></p> <p>Laat die leerder dieselfde 10 items nou rangskik van die kleinste na die grootste en andersom, van die grootste na die kleinste.</p>	

Dag 3: Huistaal Kammaland

Opdrag	Benodighede
<p><u>Hersien v - klankie</u></p> <p>Ons het verlede week op 'n wonderlike verbeeldingsuitstappie na Kammaland toe gereis. Vinnie die vissie het vir ons kom leer met watter klankie sy naam begin. Lees weer die storie van Vinnie die vissie om die leerder se geheue te verfris.</p>	<p>Kammaland V storie</p>
<p><u>Oefen om die v- klankie</u></p> <ul style="list-style-type: none"> • Gebruik die robotkaart om die v- klankie te oefen. • Gooi 'n bietjie rys in 'n bakkie en skryf nou die v- klankie in die rys terwyl hy sê af, op, <p><u>Woordeskat:</u></p> <p>Vind 5 items in of rondom die huis wat met 'n v- klankie begin en maak 'n sinnetjie met die woordjie</p>	<p>Robotkaart</p> <p>Rys/ sand/ meel ens. die opsies is eindeloos. koerant/ tydskrif, (indien nie een van hierdie leesstof beskikbaar is nie, skryf 15 woorde neer en die leerder moet 5 w -klankies in hierdie woorde gaan soek en omkring.</p>
<ul style="list-style-type: none"> • Mamma skryf op 'n bladsy verskillende klankies en die leerder moet al die v klankies soek en omkring. (voorggrond- en agtergrond persepsie word ook hierdeur geoefen) <p>Bv.</p> <div style="border: 1px solid black; padding: 10px; display: inline-block;"> <p>v m v w t s d w n l v v v a b v g v r</p> </div>	

Dag 4: Wiskunde
Getalbegrip

Opdrag

Ons het die afgelope week getal 3 aangeleer deur middel van 'n storie, toets die leerder se geheue en vra die volgende vrae:

- Hersien: Wie het in die eerste huis ingetrek? Hoeveel olifante het in die huis gewoon?
- Wie het in die tweede huis ingetrek? Hoeveel sebras het in die huis gewoon?
- Watter huisie sal na huisie 2 wees? Hoveel meerkatte bly in die derde huis?

Lees Getal 3 weer voor vir vaslegging

Benodighede

Getal 3 storie is beskikbaar sodat Mamma/ Pappa 'n agtergrond van die storie kan kry.

Sensoriese ontdekking

- Skryf die getal 3 in die sand.
- Skryf die getal 3 op jou troeteldier se rug.
- Laat Mamma /Pappa onderskeidelik getal 1, 2 en 3 op jou ruggie skryf. (vra dan vir hom / haar watter getal jy nou net op sy rug geskryf het)
- Strooi bietjie rys op die kas uit en laat die leerder die getal 3 daarin skryf.
- Bou getal 3 met klei deur die klei in 'n lang slangetjie te rol en dan in die vorm van getal 3 te vou.

Wenk:




Vir gekleurde sand gebruik sout/ rys verwys na die vorige siklus se beplanning vir die resepsie.

Maklike klei resepte:

1. <https://funlearningforkids.com/easy-play-dough-recipe-without-cream-tartar/>
2. <https://pagingfunmums.com/2013/09/06/no-cook-playdough-recipe-made-in-5-minutes/>

Toets die leerder se vermoë om die getalnaam een, twee en drie te identifiseer deur die volgende aktiviteit oor te teken.

- Verbind die maats. (Dit kan meer as een keer geskryf word en die leerder moet sy maat vind)

een		2
drie		1
twee		3

- Vind soveel items in die huis wat pas by die getal: drie → ○○○
- Gebruik nou die wiskunde flitskaarte wat u in die begin van die jaar ontvang het en vra die leerder om die getalnaam een, die getal 1 en die 1 kol bymekaar te pas, asook die getalnaam twee, getal 2 en die 2 kolle. Dieselfde met getal 3, getalnaam drie en die 3 kolle

Dag 5: Huistaal
Pret met 'n doel

Opdrag	Benodighede
<p>Laat die leerder 'n lekker lees boekie van sy keuse kies sodat Mamma / Pappa die storie kan voorlees. Laat die leerder self die boek vashou en die bladsye omblaai waar nodig. Ons leer die korrekte manier aan om boeke te hanteer,</p>	<p>Enige boek van die leerder se keuse</p>
<p><u>Ouditiewe geheue</u> Gee die leerder 3 instruksies. Mamma/ Pappa mag dit net 1 keer sê en die leerder moet probeer onthou wat die instruksies is. Pas die instruksies elke keer aan na 4 instruksies en dan 5 instruksies. Bv Gaan kombuis toe Gaan haal 'n lepel Sit die lepel in my skoot.</p>	